# RESENSIES/REVIEWS

George Pattison

## A SHORT COURSE IN THE PHILOSOPHY OF RELIGION

London: S.C.M. 2001. 226 pp. Prys onbekend.

Hierdie werk is werklik 'n uitstekende oorsig oor die filosofie van die godsdienste. Dit word sterk aanbeveel as handboek by godsdienswetenskapskursusse en ook as handboek by Teologiese Fakulteite. Die oorsig is volledig en die gedagtelyn word besonder goed volgehou met soveel ryke interpretasie en deeglike uiteensetting dat die leser se aandag deurentyd behou word.

In tien hoofstukke word verskeie temas in die filosofie van die godsdiens aan die orde gestel. Nie alleen word temas so aangebied dat dit die heel nuutste denke weerspieël nie, maar inhoudelik word elke tema deeglik ontleed en die belangrikste filosowe en hulle interpretasies kom duidelik aan die bod.

Hoe die filosofiese nadenke oor godsdiens verloop het, word uiteengesit en die groot wending tot die subjek en ook die wending tot die linguïstiese word beklemtoon. Die huidige debat oor die teodisee en die kwaad word behandel. Die slothoofstuk sluit met die tema van die ewige lewe.

Eintlik behoort elke teologiese student die werk deeglik te lees en dan sy of haar teologie te beoordeel teen die agtergrond van die volledige oorsig. Natuurlik kan 'n mens nie met alle konklusies saamstem nie, maar die debat word op uitstekende wyse aan die orde gestel.

Allesoorheersend is die insig dat die bestudering van godsdiens op sigself uiters gekompliseerd is en dat daar nog baie debat gevoer sal word oor die groot temas.

Prof. P. Verster.